

Hoofstuk van die dag: Kolossense 1

> *God het ons uit die mag van die duisternis gered, en verplaas na die koninkryk van sy geliefde Seun … (vers 13, 2020 vertaling)*

Paulus herinner ons daaraan dat daar ’n groter werklikheid is

as die een wat ons met ons eie oë kan sien: God se werklikheid. Dis ’n leuen van Satan dat hy die hef in die hande het, en dat ons slagoffers geword het van sy skrikbewind. Nee, daar is Iemand anders as Satan wat heers: Jesus Christus (vers 13).
God regeer! Ek wonder of ons dit goed gesnap het. Want ons skouers hang maar net soos ongelowiges s’n. Ons kla en mor net so hard soos almal, en lewe nie soos mense met ’n uitsig op die Here Jesus nie.
As jy lewe vanuit die oorwinning van die Here Jesus, kom daar iets los hier binne-in jou. Dan trek jou skouers weer regop en lig jou kop; dan kom daar ’n lied in jou hart en op jou lippe. Dan staar jy jou nie blind teen alles wat skeef en stukkend is nie, maar kyk jy daarby verby, en sien jy die Here Jesus raak, wat met ons besig is. Dan tel jy die kruis wat oor jou lewe lê, met vreugde op en volg jy jou Verlosser.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026